N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 52

25 Desember 2022

“My Vrede Gee Ek Vir Julle…”

Nie veel mense gaan stry dat 2022 ‘n besondere moeilike jaar met sy eie unieke uitdagings was nie.
Wanneer mens tyd maak om stil te raak en terug te dink aan 2022, kan mens nie anders as om te getuig dat net Sy genade ons tot hier toe gedra het nie. Hy beloof immers in 2 Kor 12:9: “ My genade is vir jou genoeg.”
Wanneer ons fokus op die realiteit van vandag en besef dit is alweer Kersfees, dink ons noodwendig aan die geboorte van Jesus en wat dit vir die mensdom beteken. Die aand toe Jesus gebore is, het duisende Engele aan die herders verskyn en gesing: “Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mens ‘n welbehae.” Luk 2:14
Ons kan dan tereg vra waar hierdie sodanige vrede is waarvan die Engele gesing het. Die fout wat ons dikwels maak, is om “vrede” op die verkeerde plekke te soek. Tewens, wanneer Jesus van hierdie wêreld praat, waarsku Hy ons juis dat dit nie altyd maklik sal gaan nie.
Hy sê in Joh 16:33: ”Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In hierdie wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.”
Jesus stel dit dus baie duidelik dat ons vrede in Hóm moet vind en nie teleurgesteld moet wees as ons soms die wind van voor kry in die wêreld nie. Hy bly die enigste Een wat gister, vandag en in die toekoms dieselfde sal bly. Hy is die enigste Een wat nooit teleurstel, oordeel of faal nie. Hy is immers die Een wat Sy lewe vir ons gegee het…
Kom ons maak dus eerder tyd om in hierdie Kersseisoen stil te raak en vrede in Hom te vind. Dit sal vir ons die krag gee om die aanslae wat ons in die lewe verduur, te kan hanteer. Hy het immers nie vir ons vrede in hierdie wêreld beloof nie, maar vrede in Hom – die soort vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Dankie!

- **Dat God ons so liefhet dat Hy Sy geliefde Seun na die aarde toe gestuur het om vir ons verlossing en redding en genesing te kom bewerk!**
- **Vir die vrede wat ons in Jesus Christus vind!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Christusfees seisoen! Dat ons die Grootste Geskenk met ander sal deel..

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Jaap Naudé
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Gert Keulder
- Annika Killian
- Oom Eberhard Carshagen
- Jeanette Mostert
- Louis Strauss
- Adolf Wolmarans
- Lola Vijoen
- Maria Steyn
- Ria Putter
- Oom Hannes Loots
- Lilian van Zyl
- Ina van der Merwe
- Wally Fourie
- Hannie Booysens
- Heleen J van Vuuren
- Louise Lodewyk

Gedagte vir die week

Wêreldse vrede bepaal nie jou innerlike vrede nie.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org